DIE BUFFELBLAD

HOËRSKOOL BASTION SE AMPTELIKE KOERANT

Uitgawe 2 2026

BASTION BUFFELS EN O.16'S STORM NA FINALE EN NOORDVAAL

HOËRSKOOL BASTION SE RUGBYPROGRAM BELEEF TANS EEN VAN SY STERKSTE SEISOENE IN ONLANGSE JARE, MET BEIDE DIE EERSTESPAN BUFFELS EN DIE O/16-SPAN WAT UITMUNTENDE PRESTASIES LEWER OP DIE VELD. DIE SPANNE HET NIE NET DIE GOUE LEEUS-LIGA OORHEERS NIE, MAAR HET OOK HUL PLEKKE IN DIE GOUE LEEUS- EN LUIPERDS-FINALE VERSEKER, TERWYL HULLE TERSELFDERTYD VOORBEREI VIR DIE GESOGTE NOORDVAAL-TOERNOOI.

DIE BUFFELS HET DIE SEISOEN OP INDRUKWEKKENDE WYSE AANGEPAK EN HUL TEENSTANDERS EEN NA DIE ANDER OORROMPEL. HULLE HET HUL VELDTOG BEGIN MET 'N OORTUIGENDE 62-19 OORWINNING OOR HOËRSKOOL BRYANSTON, GEVOLG DEUR 'N STERK 45-3 SEGE TEEN KHS. DAARNA HET QUEENS HIGH OOK ONDER BASTION SE AANVALSWÊRELD DEURGELOOP TOE DIE BUFFELS MET 40-15 GESEËVIER HET.

EEN VAN DIE HOOGTEPUNTE VAN DIE SEISOEN WAS SONDER TWYFEL DIE DERBY TEEN HOËRSKOOL FLORIDA BY BUFFELPARK. VOOR 'N ENTOESIASTIESE SKARE VAN LEERDERS, OUERS EN ONDERSTEUNERS HET DIE BUFFELS 'N UITSTEKENDE VERTONING GELEWER EN FLORIDA MET 65-15 VERSLAAN. DIE SPAN SE AANVALLENDE FLAIR EN GEDISSIPLINEERDE VERDEDIGING HET DIE TUISSKARE BEHOORLIK OP HUL VOETE GEHAD EN DIE OORWINNING HET BASTION SE STATUS AS EEN VAN DIE TOP RUGBYSPANNE IN DIE LIGA VERDER BEVESTIG.

DIE SUKSES WAS EGTER NIE BEPERK TOT DIE EERSTESPAN NIE. BASTION SE O/14-, O/16- EN EERSTESPAN HET ALMAL DIE GOUE LEEUS-UITSPELE GEHAAL. DIE O.14-SPAN HET DAPPER GEVEG, MAAR IS ONGELUKKIG MET 22-19 DEUR FLORIDA UITGESKAKEL NADAT HULLE FLORIDA VROEËR IN DIE LIGA MET 24-13 GEKLOP HET. HOEWEL HUL UITSPEELDROOM DAAR GEËINDIG HET, KAN DIE SPAN TROTS WEES OP 'N UITSTEKENDE SEISOEN.

DIE O.16-SPAN HET HUL UITSPEELWEDSTRYD TEEN QUEENS HIGH MET 29-12 GEWEN EN DAARMEE HUL PLEK IN DIE NOORDVAAL-TOERNOOI BESPREEK. DIE SPAN HET DEUR DIE SEISOEN KONSEKWENT PRESTEER EN IS UITEINDELIK AS GOUE LEEUS-LIGAWENNERS GEKROON – 'N WELVERDIENDE BELONING VIR HUL HARDE WERK EN TOEWYDING.

DIE BUFFELS HET OOK HUL KLAS IN DIE UITSPELE GEWYS DEUR HOËRSKOOL ALLEN GLEN MET 39-17 TE VERSLAAN. DIE OORWINNING WAS BESONDER INDRUKWEKKEND AANGESIEN BASTION SLEGS 'N WEEK TEVORE MET 13-12 TEEN DIESELFDE SPAN GEWEN HET. HIERDIE KEER HET DIE BUFFELS HUL AANVALLENDE VERMOËNS TEN VOLLE ONTGIN EN DIE WEDSTRYD MET GESAG BEKLINK. DIE SPAN IS OOK AS GOUE LEEUS-LIGAWENNERS GEKROON NADAT HULLE DIE LIGA ONOORWONNE AFGESLUIT HET.

DIE SUKSESVERHAAL HET VERDER VOORTGEDUUR TOE BEIDE DIE O/16-SPAN EN DIE EERSTESPAN HUL ONDERSKEIE GOUE LEEUS- EN LUIPERDS-HALFEINDSTRYDE GEWEN HET. MET HIERDIE OORWINNINGS HET ALBEI SPANNE HUL PLEKKE IN DIE GROOT FINALE VERSEKER, WAAR HULLE DIE GELEENTHEID SAL HÊ OM HUL UITSTEKENDE SEISOENE MET NOG SILWERWARE TE BEKROON.

VIR DIE SPELERS, AFRIGTERS EN ONDERSTEUNERS IS DIT 'N BESONDERE PRESTASIE. DIT GETUIG VAN DIE HARDE WERK WAT GEDURENDE DIE VOORSEISOEN EN DEUR DIE LOOP VAN DIE JAAR INGESIT IS. DIE SUKSES WEERSPIEËL OOK DIE STERK RUGBYKULTUUR WAT BY HOËRSKOOL BASTION GEVESTIG IS.

TERWYL DIE FOKUS NOU OP DIE KOMENDE GOUE LEEUS- EN LUIPERDS-FINALE VAL, WAG DAAR NÓG GROTER UITDAGINGS DAARNA WANNEER DIE O/16-SPAN EN DIE BUFFELS AAN DIE NOORDVAAL-TOERNOOI DEELNEEM. DIE NOORDVAAL WORD JAARLIKS BESKOU AS EEN VAN DIE MEES KOMPETERENDE SKOLERUGBYTOERNOOIE IN DIE LAND, EN BASTION SE SPANNE SAL MET TROTS DIE SKOOL SE NAAM DAAR VERTEENWOORDIG.

DIE HELE BASTION-GEMEENSKAP STAAN VIERKANTIG AGTER HUL RUGBYSPANNE EN WENS BEIDE DIE O/16-SPAN EN DIE BUFFELS ALLE STERKTE TOE VIR DIE BELANGRIKE WEDSTRYDE WAT VOORLÊ. MET DIE VORM WAT HULLE TANS TOON, IS DAAR GEEN TWYFEL DAT BASTION SE RUGBYTROTS NOG GROOT DINGE HIERDIE SEISOEN KAN VERMAG NIE.

BASTION RUGBY IS BESIG OM GESKIEDENIS TE SKRYF – EN DIE BESTE MAG DALK NOG VOORLÊ.



SKOOLNUUS

KULTUURNUUS

SARKASTIESE SARIE

SPORTNUUS

AKADEMIE

GESKIEDENIS

DIE BUFFELBLAD: 'N KOERANT MET 'N RYK GESKIEDENIS

DIE GESKIEDENIS VAN BASTION SE SKOOLKOERANT STREK OOR MEER AS 'N DEKADE. DIE LAASTE UITGAWE VAN DIE KOERANT HET IN 2015 VERSKYN ONDER DIE NAAM HET KATJE. MIN LESERS HET DESTYDS GEWEET DAT DIÉ NAAM AFKOMSTIG IS UIT NEDERLANDS EN LETTERLIK "DIE KAT" BETEKEN. DIE SIMBOLIEK EN GESKIEDENIS AGTER DIE NAAM HET MET VERLOOP VAN TYD EGTER VERVAAG, EN DIE KOERANT HET UITEINDELIK STIL GERAAK.

IN 2022 IS DIE KOERANT MET NUWE ENERGIE EN VISIE HERLEEF ONDER LEIDING VAN DR. SANTIE BOTHE SMITH. OP 20 APRIL 2022 IS DIE EERSTE NUWE UITGAWE BEKENDGESTEL, TESAME MET 'N KOMPETISIE OM 'N NUWE NAAM VIR DIE KOERANT TE KIES. DIE KOMPETISIE HET OP 28 APRIL 2022 GESLUIT, WAARNA JC MULLER EN SONJA JORDAAN AS WENNER AANGEWYS IS MET HUL VOORSTEL, DIE BUFFELBLAD. DIE NAAM IS MET TROTS AANVAAR EN DIE KOERANT HET VOORTAAN AS DIE BUFFELBLAD BEKEND GESTAAN – 'N NAAM WAT DIE GEES EN IDENTITEIT VAN DIE BASTION BUFFELS WEERSPIEËL.

DR. BOTHE SMITH HET DIE KOERANT SUKSESVOL GEVESTIG EN IN 2023 HAAR LAASTE REDAKTEURSBRIEF GESKRYF VOORDAT SY DIE LEISELS AAN DIE LEERDERS OORGEGEE HET. MET DIE FONDASIE STEWIG GELÊ, HET DIE LEERLINGREDAKSIE DIE VERANTWOORDELIKHEID OORGENEEM OM DIE KOERANT VERDER UIT TE BOU.

DIE 2023-REDAKSIESPAN HET BESTAAN UIT LIANÉ WAGNER AS REDAKTEUR: INHOUD EN BEPLANNING, RUAAN VAN DER WALT AS REDAKTEUR: BEMARKING EN BEFONDSING, EN JOHANNES MYBURGH AS REDAKTEUR: FOTOGRAFIE. ONDER HUL LEIDING HET DIE KOERANT VERDER GEGROEI EN SY PLEK AS BELANGRIKE KOMMUNIKASIEPLATFORM BINNE DIE SKOOLGEMEENSKAP VERSTERK.

NA 'N TYDPERK VAN STILTE HET DIE BUFFELBLAD IN 2025 WEER SY TERUGKEER GEMAAK. DIE REDAKSIE IS GELEI DEUR STACEY HAY AS HOOFREDAKTEUR, SHANI SCHNEIDER AS LITERATUURREDAKTEUR, MATTHEW VAN LOGGENBERG AS REDAKTEUR: FOTOGRAFIE, EN CHRISTIAAN HUGO EN LEE-RAY GERICKE AS REDAKTEURS: BEMARKING EN BEFONDSING. DIE SPAN HET NUWE LEWE IN DIE PUBLIKASIE GEBLAAS EN DIE TRADISIE VAN SKOOLJOERNALISTIEK VOORTGESIT.

VANDAG, IN 2026, VERSKYN DIE BUFFELBLAD STEEDS MET VOLLE VAART. DIE HUIDIGE REDAKSIESPAN BESTAAN UIT MEGAN WILLIAMS AS HOOFREDAKTEUR, JASMINE ROSSLYN GILLARD AS ADJUNKHOOFREDAKTEUR, MATTHEW VAN LOGGENBERG AS REDAKTEUR: UITLEG EN ONTWERP, AMOREY BEUKMAN AS REDAKTEUR: FOTOGRAFIE, EN RAHEEM BERNING AS REDAKTEUR: BEMARKING EN BEFONDSING. SAAM MET BYNA 16 TOEGEWYDE SKRYWERS WERK HULLE HARD OM DIE STORIES, PRESTASIES EN HERINNERINGE VAN BASTION VAS TE VANG.

VAN HET KATJE TOT DIE BUFFELBLAD VERTEL DIE GESKIEDENIS VAN DIE KOERANT 'N VERHAAL VAN GROEI, VERNUWENDE IDEES EN LEERLINGLEIERSKAP. VANDAG STAAN DIE BUFFELBLAD NIE NET AS 'N REKORD VAN BASTION SE GESKIEDENIS NIE, MAAR OOK AS 'N BEWYS VAN DIE TALENT, PASSIE EN TOEWYDING VAN DIE SKOOL SE LEERDERS EN PERSONEEL.


DIE...???
Sport, uiteindelik!
Die jongste nuus...


DIE BUFFELBLAD
Kultuur = Plesier


DIE BUFFELBLAD
100% SLAAGSYFER VIR DIE MATRIEKS VAN 2022!
IN HIERDIE UITGAWE:


2025
DIE BUFFELBLAD
HERDENKING AAN 2025


DIE BUFFELBLAD
HOËRSKOOL BASTION SE AMPTELIKE KOERANT
Hoërskool

Matthew Van Loggenberg

HOËRSKOOL BASTION VIER 45 JAAR VAN TROTS, TRADISIE EN GROEI

VAN 'N KLEIN SKOOLTJIE MET NET MEER AS 200 LEERDERS TOT 'N GEVESTIGDE INSTELLING WAT HONDERDE JONGMENSE JAARLIKS VOORBEREI VIR DIE TOEKOMS .HOËRSKOOL BASTION HET ONLANGS 'N MERKWAARDIGE MYLPAAL BEREIK TOE DIE SKOOL 45 JAAR VAN BESTAAN GEVIER HET. VIR OUDLEERDERS, PERSONEEL, OUERS EN HUIDIGE BASTIONNERS WAS DIE VIERING NIE NET 'N VERJAARDAG NIE, MAAR OOK 'N GELEENTHEID OM TERUG TE KYK OP 'N TROTSE GESKIEDENIS EN DIE MENSE TE EER WAT DIE SKOOL HELP BOU HET.



HOËRSKOOL BASTION, GELEË IN MINDALORE AAN DIE WES-RAND, HET SY DEURE OP 22 APRIL 1981 GEOPEN. DIE SKOOL HET AANVANKLIK AS HOËRSKOOL MINDALORE BEKEND GESTAAN EN HET BEGIN MET SLEGS 13 ONDERWYSERS EN 207 LEERDERS IN GRAAD 8 EN GRAAD 9. NAMATE DIE SKOOL GEGROEI HET, IS DIE NAAM VERANDER NA HOËRSKOOL BASTION. DIE WOORD "BASTION" VERWYS NA 'N VESTING OF FORT . 'N PLEK VAN BESKERMING, VEILIGHEID EN KRAG. HIERDIE BETEKENIS WEERSPIEËL DIE ROL WAT DIE SKOOL VIR 45 JAAR IN DIE GEMEENSKAP GESPEEL HET: 'N PLEK WAAR JONGMENSE VEILIG KAN GROEI, LEER EN HUL VOLLE POTENSIAAL BEREIK.



DIE SKOOL SE LEUSE, "BASTION BOU", IS VANDAG STEEDS DIE GRONDSLAG WAAROP DIE SKOOL SE WAARDES RUS. DIT SIMBOLISEER DIE VOORTDURENDE BOU VAN KENNIS, KARAKTER, DISSIPLINE EN TOEKOMSDROME. VIR ELKE LEERDER BETEKEN DIT DAT SUKSES NIE OORNAG KOM NIE, MAAR DEUR HARDE WERK, DEURSETTINGSVERMOË EN DIE BEREIDWILLIGHEID OM AAN JOUSELF TE BOU.
DEUR DIE JARE HET VERSKEIE TOEGEWYDE SKOOLHOOFDE DIE LEIDING VAN HOËRSKOOL BASTION GENEEM. ELKEEN HET 'N UNIEKE BYDRAE GELEWER TOT DIE GROEI EN SUKSES VAN DIE SKOOL. EEN VAN DIE BEKENDSTE HOOFDE WAS DR. ANTON PRINSLOO, WAT VANAF 1998 TOT 2015 AS SKOOLHOOF GEDIEN HET. ONDER SY LEIDING HET BASTION 'N STERK REPUTASIE OPGEBOU VIR AKADEMIESE UITNEMENDHEID, DISSIPLINE EN TROTS.

IN 2015 HET MNR. GERHARD (GERT) KOEKEMOER DIE LEISELS OORGENEEM. GEDURENDE SY AGT JAAR AS SKOOLHOOF HET DIE SKOOL AANHOU GROEI EN FLOREER. HY HET 'N BELANGRIKE ROL GESPEEL IN DIE ONTWIKKELING VAN AKADEMIE, SPORT EN KULTUUR, EN HET GEHELP OM DIE STERK WAARDES WAARVOOR BASTION BEKEND IS, VERDER TE VESTIG. SY LEIERSKAP HET DAARTOE BYGEDRA DAT DIE SKOOL VERSKEIE UITSTEKENDE MATRIEKUITSLAE BEHAAL HET EN STEEDS AS EEN VAN DIE VOORSTE SKOLE IN DIE OMGEWING BEKEND GESTAAN HET.

VANDAG WORD DIE BUFFELS GELEI DEUR MNR. JU-HAN SWART, WAT IN 2024 AS SKOOLHOOF AANGESTEL IS NADAT HY VOORHEEN AS ADJUNKHOOF GEDIEN HET. MET SY PASSIE VIR ONDERWYS EN SY VISIE VIR DIE TOEKOMS BOU HY VOORT OP DIE NALATENSKAP VAN DIE HOOFDE VOOR HOM EN LEI HY BASTION NA NUWE HOOGTES.
WAAR DAAR IN 1981 SLEGS 207 LEERDERS WAS, HUISVES DIE SKOOL VANDAG ONGEVEER 800 LEERDERS. HIERDIE GROEI IS 'N BEWYS VAN DIE VERTROUE WAT DIE GEMEENSKAP OOR DIE JARE IN DIE SKOOL GEPLAAS HET. HOËRSKOOL BASTION BIED NIE NET STERK AKADEMIESE GELEENTHEDE NIE, MAAR BLINK OOK UIT IN SPORT, KULTUUR, LEIERSKAP EN GEMEENSKAPSBETROKKENHEID.

N BESONDERSE DEEL VAN DIE SKOOL SE IDENTITEIT IS SY SKOOLLIED. DIE LIED HERINNER LEERDERS DAARAAN OM TROTS TE WEES OP HUL SKOOL, OM SAAM TE STAAN EN OM ALTYD HUL BESTE TE GEE. DIT WEERSPIEËL DIE WAARDES VAN EENHEID, DEURSETTINGSVERMOË EN LOJALITEIT WAT OOR DEKADES HEEN VAN EEN GESLAG BUFFELS NA DIE VOLGENDE OORGEDRA IS. VIR BAIE OUDLEERDERS BRING DIE SKOOLLIED HERINNERINGE TERUG VAN SAALOPENINGE, SPORTDAE, KULTUURBYEENKOMSTE EN DIE BESONDERE GEVOEL OM DEEL VAN DIE BASTION-FAMILIE TE WEES.

VIR 45 JAAR LANK HET HOËRSKOOL BASTION NIE NET LEERDERS OPGELEI NIE, MAAR OOK JONG MENSE GEVORM TOT VERANTWOORDELIKE BURGERS, LEIERS EN ROLMODELLE. DUISENDE OUDLEERDERS HET REEDS HUL MERK GEMAAK IN VERSKEIE BEROEPE EN GEMEENSKAPPE, EN DRA STEEDS DIE WAARDES VAN BASTION SAAM MET HULLE.

TERWYL DIE SKOOL SY 45STE BESTAANSJAAR VIER, IS DIT DUIDELIK DAT BASTION SE GROOTSTE PRESTASIE NIE NET IN SY GEBOUE, SPORTTROFEË OF AKADEMIESE UITSLAE LÊ NIE, MAAR IN DIE LEWENS VAN DIE MENSE WAT HIER GEVORM IS. VAN DIE EERSTE GROEP VAN 207 LEERDERS TOT DIE HONDERDE BUFFELS WAT VANDAG DIE GANGE VUL, BLY HOËRSKOOL BASTION 'N PLEK WAAR DROME GEBOU WORD, KARAKTER GEVORM WORD EN TOEKOMSLEIERS ONTWIKKEL WORD.

GELUKKIGE 45STE VERJAARDAG, HOËRSKOOL
BASTION! MAG DIE VOLGENDE 45 JAAR NET SO SUKSESVOL, INSPIREREND EN BETEKENISVOL WEES SOOS DIE EERSTE. WANT BY BASTION BOU ONS NIE NET 'N SKOOL NIE ONS BOU MENSE, ONS BOU DROME EN ONS BOU DIE TOEKOMS.

Raheem Berning

BRIEF VAN REDAKTEUR:

WELKOM BY ONS NUUTSTE UITGAWE VAN DIE SKOOLKOERANT! ONS HOOP DAT JULLE DIE ARTIKELS SAL GENIET EN MEER SAL LEER OOR DIE OPWINDENDE GEBEURE, PRESTASIES EN TALENT IN ONS SKOOL. BAIE DANKIE AAN ALMAL WAT BYGEDRA HET OM HIERDIE UITGAWE MOONTLIK TE MAAK. JULLE ONDERSTEUNING EN BETROKKENHEID WORD OPREG WAARDEER.

LEKKER LEES!

VRIENDELIKE GROETE

MEGAN NICOLE WILLIAMS



Akademie

TOP 10 GR. 12

Kwartaal 1



Baie geluk aan ons Graad 12 Top 10 akademiese presteerders! Julle prestasie is die resultaat van jare se harde werk, opoffering en deursettingsvermoë. In julle matriekjaar, waar die uitdagings groter en die verwagtinge hoër is, het julle steeds gekies om uitnemendheid na te streef.

Julle is 'n voorbeeld van wat moontlik is wanneer vasberadenheid en toewyding hand aan hand stap. Mag hierdie prestasie julle die selfvertroue gee om die res van die jaar met moed en fokus aan te pak.

Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle en wens julle alle sterkte en sukses toe vir die eindeksamen en die opwindende toekoms wat voorlê.

Juf M. Grobler

TOP 10– GR 8 EN 9

Kwartaal 1



Baie geluk aan ons Graad 8 Top 10 akademiese presteerders!

Julle harde werk, deursettingsvermoë en toewyding het vrugte afgewerp, en julle prestasie is iets waarop julle met reg trots kan wees. Julle het bewys dat sukses bereik word deur volgehoue inspanning en 'n positiewe ingesteldheid.

Mag hierdie mylpaal julle inspireer om aan te hou droom, groei en altyd na uitnemendheid te streef. Ons is ongelooflik trots op elkeen van julle.

Hou so aan!

Juff. Jackie



Baie geluk aan ons Graad 9 Top 10-leerders met julle uitstekende akademiese prestasies. Julle harde werk, toewyding en deursettingsvermoë het vrugte afgewerp, en ons is ongelooflik trots op wat julle bereik het. Julle het bewys dat sukses die resultaat is van volgehoue inspanning, goeie studiegewoontes en die bereidheid om altyd julle beste te gee.

Mag hierdie prestasie julle aanmoedig om aan te hou streef na uitnemendheid, nuwe doelwitte te stel en elke uitdaging met selfvertroue aan te pak. Ons wens julle alle sukses toe met die res van die jaar en vertrou dat julle sal voortgaan om 'n positiewe voorbeeld vir julle medeleerders te wees.

Juf A Badenhorst Gr 9 Graadhoof

TOP 10 GR. 10 EM 11

Kwartaal 1



Baie geluk aan ons Graad 10 Top 10 akademiese presteerders! Julle prestasie getuig van toewyding, deursettingsvermoë en die bereidwilligheid om elke dag julle beste te gee.

Graad 10 vorm die grondslag vir die belangrike jare wat voorlê, en julle het reeds bewys dat julle die vermoë het om groot hoogtes te bereik. Hou aan om met ywer te werk, geleenthede aan te gryp en altyd in julle eie potensiaal te glo. Ons is baie trots op julle prestasies en sien uit na alles wat julle nog gaan bereik.

Mnr Crocker



'n Boodskap vir die Graad 11 Leerders

Voordat ons vorentoe kyk, wil ons eers 'n oomblik vat om terug te kyk. Die jaar wat agter ons lê was nie altyd maklik nie, daar was lang ure se werk, take wat oorweldigend gevoel het, en dae waarop dit gevoel het of die pad nooit gaan eindig nie. Maar julle het opgedaag. Julle het volgehou, selfs in een van die uitdagendste jare van julle skoolloopbaan. Vir daardie volharding wil ons elkeen van julle innig bedank.

Dankie vir julle toewyding, vir die ure wat julle in julle studies ingesit het, en vir die deursettingsvermoë wat julle elke dag gewys het. Graad 11 is 'n jaar wat dikwels onderskat word, die werk raak swaarder, die verwagtinge styg, en tog moet julle steeds aanpas en groei. Dankie ook aan die ouers, onderwysers en families wat saam met julle hierdie reis gestap het.

Met die jaar se laaste hoofstuk nog voor ons, wil ons julle aanmoedig om nie nou te verslap nie. Hierdie eksamens is nie net 'n afsluiting van die jaar nie, hulle is ook die fondament waarop julle matriekjaar gebou gaan word. Wat julle nou leer, oefen en bemeester, sal julle volgende jaar tot voordeel strek. Onthou: julle het reeds bewys dat julle die veerkragtigheid het om deur te druk.

Moenie jouself met ander vergelyk nie. Jou reis is joune alleen. Fokus op jou eie doelwitte, gee jou beste, en vertrou die proses. Stel 'n studierooster op, neem gereelde pouses, kry genoeg rus, en eet gesond, 'n gebalanseerde liggaam en gees presteer beter.

Aan elke Graad 11-leerder: dankie vir wat julle alreeds bereik het, en sterkte vir wat nog kom. Bly gefokus, bly geduldig met jouself, en glo dat die moeite wat julle nou insit, julle sal voorberei vir die groot jaar wat volgende jaar voorlê.

Ons wens julle almal krag, wysheid en deursettingsvermoë toe vir die pad wat nog voorlê.

"Vandag se voorbereiding is môre se selfvertroue — veral wanneer matriek wag."

Juf R Badenhorst- Graadhoof

BASTION ATLETE NEEM DEEL AAN SA'S

DRIE ATLETE VAN HOËRSKOOL BASTION HET ONLANGS UITSTEKEND PRESTEER TYDENS DIE ATLETIEK SA KAMPIOENSKAPPE EN DIE SKOOL MET TROTS VERTEENWOORDIG.

KARA VAN EEDEN HET HAAR STAAL GEWYS IN DIE DISKUSITEM WAAR SY 'N PUIK 8STE PLEK BEHAAL HET TEEN VAN DIE LAND SE BESTE JONG ATLETE.

LEONE VAN EEDEN HET OOK INDRUKWEKKEND GEVAAR DEUR 'N 6DE PLEK IN DISKUS TE VEROWER, ASOOK 'N 7DE PLEK IN GEWIGSTOOT. HAAR DEURSETTINGSVERMOË EN HARDE WERK HET BESLIS VRUGTE AFGEWERP.

CJ DU TOIT HET OP SY BEURT STERK MEEGEDING IN SPIESGOOI EN 'N UITSTEKENDE 7DE PLEK BEHAAL.

BAIE GELUK AAN HIERDIE DRIE ATLETE MET HUL BESONDERSE PRESTASIES. JULLE HARDE WERK, TOEWYDING EN TROTS VIR BASTION IS 'N INSPIRASIE VIR MEDE-LEERDERS EN PERSONEEL. BASTION IS ONGELOOFLIK TROTS OP JULLE!



Kara en Leone Van Eeden



CJ Du Toit

Matthew Van Loggenberg

FOTOS: VERSKAF

Leer ken ń paar nuwe personeel

Ek is juffrou Nicole Vilonel, en dit is vir my 'n groot voorreg om deel van die Bastion-familie te wees. Ek het van kleins af geweet dat ek eendag 'n onderwyser wil wees. Vir my is onderwys nie net 'n beroep nie, maar 'n roeping. Ek glo dat 'n mens geroep word om 'n verskil in jongmense se lewens te maak, en dit is juis wat my elke dag inspireer.

My onderwysreis het in 2021 by Hoërskool Jan Viljoen begin, waar ek Engels aangebied het. Gedurende my tyd daar het ek die voorreg gehad om met Graad 9-, 10- en 11-leerders te werk. In 2026 het my reis by Hoërskool Bastion begin, waar ek tans Afrikaans Huistaal vir Graad 8-leerders aanbied. Wat ek die meeste van onderwys geniet, is dat geen twee dae ooit dieselfde is nie. Daar is min dinge so spesiaal soos die oomblik wanneer 'n leerder iets verstaan, selfvertroue kry of 'n doelwit bereik waarvoor hy of sy hard gewerk het.

Een van die dinge wat my die meeste van Bastion beïndruk het, is die vriendelikheid van die personeel en leerders. Almal laat jou welkom voel en is altyd bereid om te help, wat dit maklik maak om deel van hierdie besondere gemeenskap te voel.

Wanneer ek nie in die klaskamer is nie, geniet ek perdry en motorfietsry. Ek spandeer ook graag tyd saam met my man, familie en vriende en my twee vier-voet-kindersJack, Mila en Lilo, wat elke dag sorg vir baie vreugde. 'n Interessante feit oor my is dat ek vir 20 jaar ballet gedoen het en selfs die geleentheid gehad het om in die Staatsteater se produksie van Faust op te tree.

Die waardes wat vir my die belangrikste is, is respek, lojaliteit en vriendelikheid. My boodskap aan die leerders is om elke oomblik van hul skooljare te geniet, want dit gaan vinniger verby as wat mens besef. Werk hard, glo in jouself en wees altyd vriendelik teenoor ander, want klein dade van vriendelikheid kan 'n groot verskil maak. Aan die Bastion-gemeenskap wil ek sê: dankie vir die warm ontvangs. Ek sien daarna uit om saam te groei, te leer en baie mooi herinneringe te skep!




Hello Buffels

Ek is Juff. Melissa van Niekerk en ek is 'n trotse oud-Bastioner. Ek help tans uit met Engels vir Graad 11 en 12.

Wanneer ek nie in die klaskamer is nie, geniet ek dit om betrokke te wees by gemeenskapsprojekte, tyd saam met familie deur te bring en nuwe uitdagings aan te pak. Ek dien ook tans as Miss Krugersdorp en Mej Westrand 2026.

Boodskap aan die leerders:
Werk hard, geniet die reis en moenie bang wees om nuwe dinge te probeer nie. Foute is deel van groei, en elke dag is 'n nuwe kans om iets besonders te bereik!En onthou: Jy is gemaak om spore te los!

Vriendelike groete
Juff. Melissa van Niekerk



Hallo BastIon Hoërskool. Ek is Schumé van Dyk, maar die meerderheid leerders ken my as Juf Schumie. Ek is n 3de jaar student by Aros. Ek het n studente pos by die skool. Ek is meer betrokke by Engels, maar ek swot vir Engels en Afrikaans. Ek is tans by Gr10 Engels onder Juf Jackie. Ek geniet gholf speel in my vrye tyd. En natuurlik Playstation speel. Ek is mal oor karre en ek geniet dit om graag na kar skoue te gaan. Ek is baie erg oor vriende en familie. Ek geniet ook woordsoek en gedigte lees. En het n groot passie vir my taal en kultuur. En natuurlik geniet ek F1, juis oor die karre spel.

ń Slagspreek wat ek altyd van hou is. "Never look down on someone, unless you're trying to help them up." Ek sal graag die leerders van Bastion wil aan moedig om te strewe na die beste van hulle vermoë. Gaan groot en moet nooit spyt wees oor enige iets nie. Jy is tot alles in staat as jy jou kop op dit sit. Moenie bang wees om jou lewe te geniet nie, vrees is die muur wat n mens terug hou om n gelukkige lewe te hê.



FOTOS: VERSKAF

Leer ken ń paar nuwe personeel

Ek is Günther Müller, ’n nuwe Post Level 1 Opvoeder hier by Hoërskool Bastion. Ek bring meer as 10 jaar se ervaring uit die privaatsektor en akademie (waarin ek my MSc-graad en PGCE voltooi het) na die klaskamer toe. Ek is passievol daaroor om komplekse konsepte verstaanbaar en opwindend te maak.



My Rol en Vakke
Hier by die skool is ek betrokke by Graad 11 Wiskunde sowel as Graad 10 tot 12 Tegniese Wetenskappe. Of ons nou besig is met algebraïese funksies of diep delf in Newton se Wette in die Graad 12 Tegniese Wetenskappe-klas, my doel is om leerders te wys hoe hierdie vakke die wêreld rondom ons vorm.

Interessante Feite & Belangstellings
As jy my in die gange teëkom, sal jy my beslis nie miskyk nie—ek stands ’n stewige 1.98m lank! Buite die skoolomgewing het ek ’n groot belangstelling in unieke troeteldiere en hou ek tarantulas as ’n stokperdjie. Wanneer ek nie met wetenskap of skaak besig is nie, skakel ek graag af as ’n kranige "gamer" en geniet ek goeie anime- en fantasieverhale.

’n Boodskap aan die Bastion-Gemeenskap
"Aan al die leerders en ouers van Hoërskool Bastion: dit is vir my ’n reuse voorreg om deel van hierdie skoolfamilie te wees. In my klaskamer en by die skaakborde glo ek daaraan dat foute bloot die boustene van sukses is. Moet nooit bang wees om vrae te vra, nuwe uitdagings aan te pak of strategies te dink oor jou toekoms nie. Kom ons maak hierdie ’n jaar van groei, harde werk en baie dinkplezier. Sien julle in die klaskamer of oor die skaakbord!"

Hallo, ek is Wiltje Engelbrecht en ek is ’n eerstejaar-onderwyseres. Ek het in Tzaneen, ’n klein dorpie in Limpopo, grootgeword. Toe ek 14 jaar oud was, het ek en my gesin Krugersdorp toe getrek, waar ek by Hoërskool Monument gematrikuleer het. Daarna het ek my onderwysgraad aan die Noordwes-Universiteit (NWU) in Potchefstroom voltooi, met Lewenswetenskappe en Rekenaarwetenskap as hoofvakke.



Ek is ’n baie groot sportliefhebber en het van kleins af aan verskeie sportsoorte deelgeneem.

Moet nooit ophou om te leer nie. Elke persoon wat ons ontmoet, het iets wat hulle ons kan leer, en ek hoop om saam met my leerders te leer, te groei en ’n positiewe verskil te maak.

FOTOS: VERSKAF

Sport- Hokkie





Die Hokkieseisoen by Hoërskool Bastion is vol opwinding en trots. Beide die seuns- en dogterspanne het hierdie seisoen uitstekende spel gewys. Die seuns het reeds vier wedstryde gespeel en baie goed gevaar deur sterk spanwerk, dissipline en deursettingsvermoë op die veld te wys. Hulle het bewys dat harde werk goeie resultate bring. Die O/14 en O/15 dogterspan het ook uitgeblink en met hul vasberadenheid en talent deurgedring na die semi-finaal. Die spelers en afrigters werk hard om die skool trots te maak. Bastion se hokkie groei elke jaar sterker en wys dat sport 'n belangrike deel van die skool se sukses en gees is.





FOTOS: VERSKAF

Henco De Lange

NETBALSEISOEN VOL SUKSES!

Mienke Vorster

ONS SKOOL SE NETBALSPANNE HET HIERDIE SEISOEN UITSTEKENDE PRESTASIES GELEWER EN KAN MET TROTS TERUGKYK OP 'N JAAR VOL HARDE WERK, DEURSETTINGSVERMOË EN SUKSES.

DIE **EERSTE NETBALSPAN** HET **TWEEDE IN DIE LIGA GEËINDIG** EN DAARMEE VIR DIE **JOMO-UITSPELE** GEKWALIFISEER. HULLE HET ONGELUKKIG DAAR MET **VIER DOELE TEEN NORTHCLIFF VERLOOR**, 'N SPAN WAT LATER **7DE IN GAUTENG GEËINDIG** HET. DIE SPAN HET DEUR DIE SEISOEN UITSTEKENDE SPEL EN WARE SPANGEES GETOON.

ONS IS OOK BESONDER TROTS DAAROP DAT **VIER VAN ONS SPELERS VIR DIE WESRANDSPAN GEKIES IS** EN AAN DIE **NASIONALE O/19-TOERNOOI** GAAN DEELNEEM. BAIE GELUK AAN:

* ANDILE NGAKE
* ZWANE BRITZ
* ARIELLE KNOREN
* CAITLIN PRYCE

DIE **O/14-NETBALSPAN** HET OOK 'N INDRUKWEKKENDE SEISOEN BELEEF. HULLE HET **SLEGS EEN WEDSTRYD VERLOOR, EEN GELYKOP GESPEEL EN AL HUL ANDER WEDSTRYDE GEWEN**. DIE SPAN HET **TWEEDE IN DIE LIGA GEËINDIG** EN OOK VIR DIE UITSPELE GEKWALIFISEER, WAAR HULLE ONS SKOOL MET TROTS VERTEENWOORDIG HET.

ONS WIL OOK ONS AFRIGTERS EN BEAMPTES GELUKWENS MET HUL BESONDERE PRESTASIES. **JUF. MARILEE** IS GEKIES OM AS **SKEIDSREGTER (UMPIRE) BY DIE SUID-AFRIKAANSE KAMPIOENSKAPPE** OP TE TREE, TERWYL **ME. VAN ZYL** OP DIE **SA SKOLE-NETBALKOMITEE** DIEN. HIERDIE PRESTASIES GETUIG VAN DIE HOË STANDAARD VAN NETBAL BY ONS SKOOL.

BAIE GELUK AAN AL ONS SPELERS, AFRIGTERS EN BEAMPTES MET 'N UITSTEKENDE SEISOEN. JULLE TOEWYDING EN PASSIE VIR DIE SPORT MAAK ONS SKOOL ONGELOOFLIK TROTS, EN ONS WENS ALMAL BAIE SUKSES TOE VIR DIE UITDAGINGS WAT VOORLÊ.





TWEE NETBALSTERRE VIER BESONDERSE MYLPALE

Mienke Vorster-

DIT IS MET GROOT TROTS DAT ONS VANJAAR TWEE VAN ONS EERSTE NETBALSPAN SE TOEGEWYDE SPELERS VEREER VIR MERKWAARDIGE MYLPALE WAT HULLE IN HUL MATRIEKJAAR BEREIK HET.

RU-ANNE JENKINSON HET HAAR 50STE WEDSTRYD VIR DIE EERSTE NETBALSPAN GESPEEL, TERWYL ANDILE DIE INDRUKWEKKENDE MYLPAAL VAN 60 EERSTE SPAN-WEDSTRYDE BEREIK HET. HIERDIE PRESTASIES GETUIG VAN JARE SE HARDE WERK, DEURSETTINGSVERMOË, OPOFFERING EN ONWRIKBARE TOEWYDING AAN DIE SPORT EN DIE SKOOL.

OM SOVEEL WEDSTRYDE OP DIE HOOGSTE VLAK VAN SKOLENETBAL TE SPEEL, IS 'N UITSONDERLIKE PRESTASIE WAT SLEGS DEUR WARE PASSIE EN TOEWYDING MOONTLIK GEMAAK WORD. BEIDE SPELERS HET DEUR DIE JARE NIE NET HUL TALENT OP DIE BAAN BEWYS NIE, MAAR OOK AS ROLMODELLE VIR JONGER SPELERS OPGETREE.

DAT HIERDIE MYLPALE GEDURENDE HUL FINALE JAAR OP SKOOL BEREIK WORD, MAAK DIE GELEENTHEID NÓG MEER SPESIAAL. HULLE NALATENSKAP SAL LANK ONTHOU WORD AS DEEL VAN DIE EERSTE SPAN SE TROTSE GESKIEDENIS.

BAIE GELUK AAN RU-ANNE EN ANDILE MET HIERDIE BESONDERE PRESTASIES. JULLE HARDE WERK, LOJALITEIT EN LIEFDE VIR NETBAL IS 'N INSPIRASIE VIR DIE HELE SKOOLGEMEENSKAP. ONS WENS JULLE ALLE STERKTE TOE VIR DIE RES VAN DIE SEISOEN EN VIR DIE OPWINDENDE NUWE HOOFSTUK WAT NA MATRIEK VOORLÊ.

HIERDIE MYLPALE WEERSPIEËL DIE WARE GEES VAN SKOLESPORT – TOEWYDING, KARAKTER EN TROTS.





Andile Ngake en Ru-Anne Jenkinson

Fotos: Verskaf

JUKSKEI


Foto: Matthew Van Loggenberg

JUKSKEI IS 'N SPORT WAT REGTIG DEUR ALMAL GENIET KAN WORD – OUD OF JONK, LANK OF KORT! DIE DOEL VAN DIE SPEL IS OM EERSTE 23 PUNTE AAN TE TEKEN, TERWYL JY TERSELFDERTYD PROBEER KEER DAT JOU OPPONENTE DIT REGKRY.

IN DIE SPEL WORD 'N HOUTPEN IN 'N SANDPUT GEPLANT, EN SPELERS MOET PROBEER OM DIE PEN MET HUL SKEIE RAAK TE GOOI VANAF 'N BEPAALDE AFSTAND, WAT VERSKIL VOLGENS OUDERDOMSGROEPE. WANNEER DIE PEN OMVAL, VERDIEN DIE SPAN DRIE PUNTE. AS DIE SKEI NABY DIE PEN BINNE DIE GEMERKTE RADIUS LÊ, TEL DIT EEN PUNT.

HOEWEL DIT EENVOUDIG KLINK, VERG JUKSKEI BAIE KONSENTRASIE EN STRATEGIE. ELKE SPELER KRY NET TWEE KANSE OM DIE PEN RAAK TE GOOI, EN DIE PUNTE VAN DIE TWEE SPANNE KAN MEKAAR OOK KANSELLEER. DAAROM MOET SPELERS VOORTDUREND HUL PUNTE MOOI DOPHOU EN SLIM BESLUITE NEEM. 'N MENS KAN DUS SÊ DAT 'N BIETJIE WISKUNDE BESLIS HANDIG TE PAS KOM – GELUKKIG HOEF JY NET TOT 23 TE KAN TEL!

DIE BELANGRIKSTE DEEL VAN JUKSKEI IS EGTER OM DIT TE GENIET. WANNEER SPELERS DIE SPORT GENIET EN MET SELFVERTROUE SPEEL, KOM DIE GOEIE GOOIE SOMMER VANSELF.

IN JUKSKEI HOOR MENS OOK DIKWELS DIE WOORD "SKOF". SKOF BETEKEN DAT 'N SPAN PRESIES 23 PUNTE BEREIK HET. DIE EERSTE SPAN WAT DIT REGKRY, WEN DIE WEDSTRYD. MAAR DAAR IS 'N VANGPLEK: AS 'N SPAN MEER AS 23 PUNTE KRY, "BARS" HULLE EN MOET HULLE WEER VAN NUL AF BEGIN TEL. DIT MAAK DIE SPEL NOG MEER SPANNEND EN UITDAGEND.

AL WEN 'N SPAN NIE ALTYD NIE, BLY JUKSKEI STEEDS 'N PRETTIGE SPORT WAT SPANWERK, KONSENTRASIE EN GOEIE SPORTMANGEES BEVORDER.

MATTHEW VAN LOGGENBERG

SKAAK

SKAAKSPELERS WYS HUL SKUIWE IN KWARTAAL 2 ♟

ONS SKOOL SE SKAAKSPANNE HET HIERDIE KWARTAAL UITSTEKEND GEVAAR! DIE O/15-, O/16- EN O/19-SPANNE HET AL HUL WEDSTRYDE VIR DIE KWARTAAL SOVER VOLTOOI EN BAIE GOED GEVAAR. DIE SPELERS HET HARD GEDINK, GOEIE SKUIWE GEMAAK EN BAIE GOEIE SPORTMANGEES TEENOOR HUL OPPONENTE GEWYS. HULLE HET 'N HELE PAAR NUWE SKUIWE BEMEESTER WAT HUL TEEN HUL OPPONENTE GEOEFEN EN GEBRUIK HET.


HOEWEL DIE KOMPETISIE STERK WAS, HET ONS SPANNE MOOI DEURGEDRUK EN GOEIE RESULTATE BEHAAL. DIE SPELERS HET BEWYS DAT DEURSETTINGSVERMOË EN KONSENTRASIE 'N GROOT ROL SPEEL IN SKAAK.

BASTION SE SKAAKSPANNE HET O.A. AL TEEN NOORDHEUWEL, MONUMENT EN RIEBEECKRAND MEEGEDING.

VOLGENDE KWARTAAL SAL DIE SPANNE DIE LIGA VOLTOOI EN SAL ONS KAN SIEN WATTER SKOOL DIE BESTE SKUIWE KON MAAK.. HULLE SIEN VERAL DAARNA UIT OM HUL KRAGTE TEEN DIE RES VAN DIE SKOLE TE MEET. BASTION SE 'PIONNE' IS NIE VERNIET DEEL VAN HUL UITRUSTING NIE. VOLGENS DIE SPELER DIHAN LE ROUX IN GRAAD 8, WAS MONNAS EEN VAN DIE STERKSTE SKOLE TEEN WIE HULLE GESPEEL HET. HIERDIE WEDSTRYDE BRING ALTYD GROOT UITDAGINGS, MAAR DIT MOTIVEER ONS SPELERS OM NOG HARDER TE WERK.


HET JULLE GEWEET? SKAAK WORD NIE VERNIET "DIE SPORT VAN SLIM DENKE" GENOEM NIE! SKAAK HELP MET KONSENTRASIE, PROBLEEMOPLOSSING EN STRATEGIESE DENKE.

STERKTE AAN AL ONS SKAAKSPELERS VIR DIE VOLGENDE KWARTAAL – ONS WEET JULLE GAAN ONS WEER TROTS MAAK! ♟



DAWID DE LANGE

Die man agter die suksevolle draf-leerders



Ek het die voorreg gehad om met Mnr Tertuis Vermaak te gesels. En hy kan net oor ander mense se prestasies spog! Die nederigste Mnr wat ek nog ooit ontmoet het, toe ek Mnr vrae vra oor homself, kon hy net praat oor kinders wat hy afgerig het en oor hoe goed hul presteer het. Mnr het ook gesê dat Ons Mnr Quentes se rekord gebreek het en oorsee deelgeneem het. Hy sê dat hy nou al 30 jaar skool hou en die hele 30 jaar landloop afrig want dit is sy passie om kinders af te rig. Mnr sê ook hy is trots op die kinders wat nogsteeds na skool aan padwedlope deel neem en presteer. Oor "parkrun" sê Mnr dat dit goed is want jy hardloop saam met mense en dit is lekker kompetisie, nie teenoor ander nie, maar ook jouself. Gelukkig is daar geen koste betrokke nie, behalwe vir die R10 inskrywingsfooi per leerder!



Mnr moedig die landloop leerders aan om reg te maak want dit neem so ongeveer 4 maande om fiks te word. Die liga begin reeds in Augustus - dit is goed om solank aan "parkruns" en padwedlope deel te neem om fiks te word. Al wat jy nodig het om landloop te doen is 'n stel tekkies en die skool se atlitiek drag. Hulle hou dalk nie tyd nie, maar die vinnigste 6 dring deur na die volgende rondte. Wie weet, dalk is dit jy?

Oefen tye is van Maandae tot Donderdae van 14:00 tot 15:00

Fotos: Verskaf

Jasper Kritzinger

BASTION BLINK UIT TEEN INTERNASIONALE TEENSTANDERS

Hoërskool Bastion het op 4 April 2026 hul staal gewys tydens ’n opwindende kragmeting teen Birla Public School vanuit Pilani in India. Die Bastion-seuns het met selfvertroue en uitstekende spanwerk die wedstryd oorheers en uiteindelik met ’n indrukwekkende 143 lopies gewen.

Van die eerste boulbeurte af was dit duidelik dat Bastion vasberade was om hul merk teen die internasionale besoekers te maak. Die kolwers het met geduld én aggressie gekombineer om ’n sterk totaal op die telbord te plaas, terwyl die boulers en veldwerkers deurgaans druk op die teenstanders toegepas het.

Een van die uitblinkers van die dag was Ewald Ackerman, wat ’n uitstekende beurt van 70 lopies vanaf slegs 50 balle gespeel het. Sy kolfwerk is gekenmerk deur goeie tydsberekening, selfvertroue en slim plasings reg rondom die veld. Ackerman het die tempo van die wedstryd bepaal en grootliks bygedra tot Bastion se oorheersing.





Andre Schoeman het ook ’n besondere bydrae gelewer met ’n netjiese 53 lopies van 48 balle. Sy kalm benadering by die paaltjie en goeie vennootskap met Ackerman het die span verder versterk en die grondslag vir die groot oorwinning gelê.

Die span se dissipline op die veld, asook hul positiewe ingesteldheid, het duidelik gewys waarom Bastion as ’n sterk krieketspan gereken word. Die oorwinning teen ’n internasionale span is nie net ’n trotse oomblik vir die spelers nie, maar ook vir die skool en gemeenskap wat agter hulle staan.

Hierdie wedstryd sal beslis lank onthou word as ’n besondere prestasie vir Bastion se krieketprogram en dien as motivering vir die res van die seisoen.

JOSCH VAN ZYL

Bastion verwelkom Beheerliggaam dames en Personeel vir Moedersdag

BY HOËRSKOOL BASTION GLO ONS DAT 'N ONDERWYSERES VEEL MEER AS NET 'N OPVOEDER IS; SY IS 'N MENTOR, 'N ANKER, EN DIKWELS 'N "SKOOLMA" VIR HONDERDE LEERDERS. OP 8 MEI HET DIE SKOOLTERREIN GESTRAAL VAN DANKBAARHEID TOE DIE LEERDERS SAAMGESPAN HET OM HIERDIE MERKWAARDIGE VROUE OP 'N SPESIALE WYSE TE EER TER VIERING VAN MOEDERSDAG.

MEER AS NET HANDBOEKE

DIE DAG WAS 'N KRAGTIGE HERINNERING AAN DIE ONSKATBARE ROL WAT ONS JUFFROUENS IN DIE KLASKAMER EN DAARBUITE SPEEL. TERWYL HULLE DAAGLIKS AKADEMIESE UITNEMENDHEID DRYF, IS DIT HUL VERMOË OM LEERDERS AS MENSE TE VORM WAT DIE DIEPSTE INDRUK LAAT. HULLE IS DIE STEMME WAT AANMOEDIG WANNEER DIE DRUK HOOG IS, DIE OË WAT POTENSIAAL RAAKSIEN NOG VOORDAT 'N LEERDER DIT SELF GLO, EN DIE HANDE WAT RIGTING GEE AAN DIE TOEKOMS VAN HOËRSKOOL BASTION

















Fotos: Leone Van Eeden en Jalandri t'Lam

'N ATMOSFEER VAN OPREGTE WAARDERING

DIE VIERINGE IS GEKENMERK DEUR 'N TASBARE GEES VAN WELWILLENDHEID. MET HARTLIKE BOODSKAPPE, DEURDAGTE GESKENKIES EN BREË GLIMLAGTE, HET DIE LEERDERS GEWYS DAT DIE HARDE WERK VAN ONS PERSONEEL NIE ONGESIEN VERBYGAAN NIE.

"DIE BAND TUSSEN 'N ONDERWYSER EN 'N LEERDER IS DIE FONDAMENT WAAROP 'N SKOOL GEBOU WORD. VANDAG HET DAARDIE FONDAMENT BLINKER AS OOIT GESKITTER."

'N TOEKOMS GEBOU OP LIEFDE

MOEDERSDAG BIED DIE PERFEKTE GELEENTHEID OM STIL TE STAAN BY DIE VROUE WAT HUL TYD, ENERGIE EN WYSHEID ONBAATSUGTIG IN DIE JEUG BELÊ. BY HOËRSKOOL BASTION IS ONS BEVOORREG OM ROLMODELLE TE HÊ WAT NIE NET ONDERRIG NIE, MAAR INSPIREER.

ONS BEDANK ELKE JUFFROU VIR DIE PASSIE WAARMEE JULLE JUL ROEPING UITLEEF. JULLE IS DIE WARE BOUERS VAN MÔRE, EN ONS SALUEER JULLE VIR DIE VERSKIL WAT JULLE ELKE DAG MAAK.

Jasmine Gillard

BASTION VERWELKOM ALLE MANS VIR VADERSDAG VIERING

Matthew Van Loggenberg



HOËRSKOOL BASTION HET ONLANGS VADERSDAG OP 'N BESONDERE WYSE GEVIER DEUR DIE SKOOL SE MANSPERSONEEL TE VEREER. DIE GELEENTHEID IS DEUR DIE LEIERSKAP IN AKSIE-RAAD AANGEBIED AS 'N GEBAAR VAN DANKBAARHEID TEENOOR DIE MANS WAT DAAGLIKS 'N POSITIEWE INVLOED IN DIE LEWENS VAN LEERDERS UITOEFEN.



TYDENS DIE VIERING IS HULDE GEBRING AAN DIE MANSPERSONEEL VIR HUL TOEWYDING, LEIDING EN ONDERSTEUNING. HULLE IS BEDANK VIR DIE ROL WAT HULLE SPEEL AS OPVOEDERS, MENTORS EN ROLMODELLE WAT JONGMENSE HELP VORM EN INSPIREER.



DIE LEIERSKAP IN AKSIE-RAAD HET DIE GELEENTHEID GEBRUIK OM HUL WAARDERING UIT TE SPREEK VIR DIE WAARDEVOLLE BYDRAE WAT HIERDIE MANS TOT DIE SKOOLGEMEENSKAP MAAK. DIE DAG HET BEKLEMTOON HOE BELANGRIK STERK WAARDES, GOEIE LEIDING EN POSITIEWE VOORBEELDSTELLING IN DIE ONTWIKKELING VAN LEERDERS IS.





Fotos: Jalandri t'Lam en Jaco Conradie

DIE VIERING HET IN 'N GEES VAN DANKBAARHEID EN WAARDERING PLAASGEVIND EN HET ALMAL HERINNER AAN DIE ONSKATBARE ROL WAT VADERS EN MANLIKE ROLMODELLE IN DIE SAMELEWING SPEEL.

HOËRSKOOL BASTION WENS ALLE VADERS, VOOGDE EN MANLIKE MENTORS 'N GELUKKIGE EN GESEËNDE VADERSDAG TOE.

Hoërskool Bastion se Opedag 2026

Op 15 April het Hoërskool Bastion se saal en skoolgronde behoorlik lewe gekry tydens ons jaarlikse opedag. Dit was 'n dag vol energie, lag, musiek en opgewondenheid waar ons ons toekomstige Graad 8's met ope arms verwelkom het. Van die oomblik wat die leerders ingestap het, kon mens die opgewonde atmosfeer voel








Daar was hope pretaktiwiteite en speletjies wat almal besig gehou het, terwyl die geur van vars popcorn deur die lug gedryf het. Die toekomstige Bastionners het gemaklik en snoesig op bean bags gesit en die aand se vertonings ten volle geniet. Gelag, applous en vrolike geselsies het die hele aand gevul en dit was duidelik dat nuwe vriendskappe reeds begin vorm het.




Die Leiers van 2026 het ongelooflik hard gewerk om die aand spesiaal en onvergeetlik te maak. Hulle energie en entoesiasme het die hele opedag laat uitstaan. Daar was indrukwekkende dansoptredes wat die gehoor aan die gang gehad het, en natuurlik het die Roadshow weer almal beïndruk met hul ikoniese "Shogololo". Die leiers het die verhoog behoorlik laat lewe kry en met trots gewys wat dit beteken om deel van Bastion te wees.

Die opedag was nie net 'n geleentheid om die skool te wys nie — dit was 'n kans om die Bastion-gees te ervaar. Die aand het gewys dat Hoërskool Bastion meer is as net 'n skool; dit is 'n familie waar elke leerder welkom voel.



"By Bastion glo ons dat elke leerder die potensiaal het om groot dinge te bereik. Ons sien uit daarna om ons toekomstige Graad 8's deel van ons familie te maak — 'n plek waar drome groei, talente ontwikkel en herinneringe geskep word. Dankie aan elke ouer, leerder en onderwyser wat die aand moontlik gemaak het. Die toekoms lyk helder... en dit begin hier by Bastion."

RAHEEM BERNING

FOTOS: MATTHEW VAN LOGGENBERG

Skoolnuus- Bloedskenk



Op 21 April het 'n bloedskenkgeleentheid in die voorportaal by Bastion plaasgevind. Hierdie geleentheid het leerders die kans gegee om op 'n eenvoudige, maar betekenisvolle manier 'n verskil te maak deur bloed te skenk.



Leerders wat deelgeneem het, het bloed geskenk as deel van 'n groter poging om mense in nood te help. Die dag het goed verloop en daar was 'n goeie vlak van deelname van leerders wat bereid was om hul bydrae te lewer.



Na afloop van die skenking het leerders bottels water en ysterpilletjies ontvang om hulle te help herstel. By Bastion glo ons daarin om lewens te red en 'n positiewe verskil in die gemeenskap te maak.

Bloedskenk bly 'n noodsaaklike deel van gesondheidsorg, aangesien bloed nie kunsmatig vervaardig kan word nie en pasiënte afhanklik is van vrywillige skenkers. Deur sulke geleenthede by die skool aan te bied, word leerders bewus gemaak van hoe hulle ander mense se lewens positief kan beïnvloed.



Baie dankie aan al die leerders wat betrokke was en hul tyd afgestaan het om 'n verskil te maak. Ons sien uit na die volgende bloedskenkgeleentheid.

AMOREY VAN WYK

FOTOS: S.A.N.B.S

Wat is die jaar te sien op die planke?

BASTION SE TONEELSPELERS GEREED OM GEHORE TE ROER!

HOËRSKOOL BASTION SE TONEELSPELERS IS VANJAAR GEREED OM GEHORE OP DIE PUNT VAN HUL STOELE TE HOU MET TWEE AANGRYPENDE PRODUKSIES WAT DIEP EMOSIES EN BELANGRIKE LEWENSLESSE UITBEELD.

DIE EERSTE TONEEL, TEKKIES, NEEM DIE GEHOOR OP 'N EMOSIONELE REIS WAAR TEMAS SOOS VRIENDSKAP, DEURSETTINGSVERMOË, AANVAARDING EN DIE UITDAGINGS VAN DIE LEWE ONDERSOEK WORD. MET STERK KARAKTERONTWIKKELING EN BETEKENISVOLLE BOODSKAPPE BELOOF HIERDIE PRODUKSIE OM GEHORE TE LAAT LAG, DINK EN SELFS 'N TRAAN WEG TE VEE





DIE TWEEDE TONEEL, DIE ROOI STOEL, FOKUS OP DIE KRAG VAN WAARHEID KEUSES EN DIE GEVOLGE DAARVAN. DEUR INTENSE SPEL EN AANGRYPENDE OOMBLIKKE WORD DIE GEHOOR GEKONFRONTEER MET VRAE OOR REG EN VERKEERD, MOED EN VERANTWOORDELIKHEID. HIERDIE PRODUKSIE BELOOF OM NOG LANK NÁ DIE FINALE GORDYNVAL IN DIE GEDAGTES VAN KYKERS TE BLY.

ALBEI TONELE BIED AAN LEERDERS DIE GELEENTHEID OM HUL TALENT, KREATIWITEIT EN PASSIE VIR DIE UITVOERENDE KUNSTE TEN TOON TE STEL. MET HARDE WERK, TOEWYDING EN URE SE VOORBEREIDING SIEN DIE TONEELSPELERS DAARNA UIT OM HUL VERHALE MET DIE GEMEENSKAP TE DEEL.

BASTION SE KULTUURPROGRAM BELOOF VANJAAR OM NIE NET TE VERMAAK NIE, MAAR OOK OM GEHORE EMOSIONEEL AAN TE RAAK EN WAARDEVOLLE BOODSKAPPE OOR TE DRA. HOU GERUS DIE PLANKE DOP – TEKKIES EN DIE ROOI STOEL IS TWEE PRODUKSIES WAT BESLIS NIE GEMIS MOET WORD NIE.

Redenaars- ATKV

Bastion praat 'n hond uit 'n bos by die ATKV! Op 17 en 18 April het van ons leerders hul redenaarstalent gaan wys by die ATKV-redenaarskompetisie by Hoërskool Linden – en wát 'n vertoning was dit nie! Met selfvertroue, oortuiging en 'n goeie dosis flair het hulle beslis hul merk gemaak en vir die ander skole gewys waar Dawid die wortels begrawe het.

Ons is ongelooflik trots op elke leerder wat deelgeneem het en sien met groot opgewondenheid uit na die uitslae. As hierdie kompetisie enigiets is om na te gaan, wag daar beslis nog groot dinge vir Bastion in die res van die jaar! Baie geluk aan Logan Le Roux wat deurdring na die Provinsiale rondte van die ATKV ons is baie trots op hom.



CHERISE VD MERWE GR8



CECILIA JANSEN VAN VUUREN GR8



LOGAN LE ROUX GR8


SHILO SALE GR9



AMOREY BEUKMAN GR 8


ZELNI VENTER GR 8


THEADRI BLIGNAUT GR 8


Amorey Beukman

Fotos: Amorey Beukman

Youth Arts Festival



HOËRSKOOL BASTION SKITTER BY DIE YOUTH ARTS FESTIVAL

LEERDERS VAN HOËRSKOOL BASTION HET HUL TALENT, HARDE WERK EN PASSIE GEWYS MET UITSTEKENDE PRESTASIES BY VANJAAR SE YOUTH ARTS FESTIVAL. DIE LEERDERS HET IN VERSKEIE AFDELINGS DEELGENEEM EN DIE SKOOL MET TROTS VERTEENWOORDIG.

AMOREY BEUKMAN (GRAAD 8) HET BESONDER UITGEBLINK EN INDRUKWEKKENDE UITSLAE BEHAAL. SY ONTVANG 'N UITSTEKENDE 95% VIR VOORBEREIDE LEES AFRIKAANS EN WORD BOONOP AS DIE KATEGORIE-WENNER AANGEWYS – 'N MERKWAARDIGE PRESTASIE. VERDER HET SY OOK 89% VIR VOORBEREIDE LEES ENGELS EN 90% VIR REDENAARS ONTVANG.

KEAGAN GROBLER (GRAAD 10) HET SY REDENAARSTALENT TEN TOON GESTEL EN 'N STERK 85% VIR REDENAARS BEHAAL.

RENÈ BOTHA (GRAAD 9) HET HAAR KREATIEWE VERMOËNS GEWYS MET 'N 83% VIR HAAR VERFSTUK, ASOOK 'N UITSTEKENDE 84% VIR VOORBEREIDE AFRIKAANSE LEES. HAAR REDENAARS MET NOG N UITSTEKENDE PERSENTASIE VAN 89%!

NOG 'N HOOGTEPUNT VAN DIE FEES WAS DIE ENERGIEKE DANSOPTREDE DEUR SKYE COETZER, RENÈ BOTHA EN KAYLA GROBLER, WAT AS 'N DANS-TRIO 'N INDRUKWEKKENDE 92% BEHAAL HET. AS VERDERE ERKENNING VIR HUL UITSTEKENDE PRESTASIE IS HULLE OOK UITGENOOI OM BY DIE PRYSUITDELING OP TE TREE – 'N GROOT EER EN BEWYS VAN HUL TALENT.

HOËRSKOOL BASTION IS ONGELOOFLIK TROTS OP ELKE LEERDER WAT DEELGENEEM HET EN DIE SKOOL SE NAAM HOOG GEHOU HET. HIERDIE PRESTASIES IS 'N BEWYS VAN DIE TALENT EN TOEWYDING WAT BINNE BASTION SE LEERDERS LEEF.

HOËRSKOOL BASTION SE LEERDERS BLINK UIT BY ALLEGRETTO

HOËRSKOOL BASTION SE LEERDERS BLINK UIT BY ALLEGRETTO



LEERDERS VAN HOËRSKOOL BASTION HET ONLANGS HUL TALENT EN SELFVERTROUE TEN TOON GESTEL TYDENS DIE EERSTE RONDTE VAN DIE ALLEGRETTO SPRAAK- EN DRAMA-AFDELING. DIE DEELNEMERS HET IN VERSKEIE KATEGORIEË MEEGEDING, WAARONDER REDENAARS, VOORBEREIDE LEESWERK, KUNS EN DANS, EN UITSTEKENDE UITSLAE BEHAAL.

EEN VAN DIE UITBLINKERS WAS AMOREY BEUKMAN (GRAAD 8), WAT AS KATEGORIEWENNER AANGEWYS IS IN DIE AFDELING VIR VOORBEREIDE AFRIKAANSE LEES. SY HET 'N INDRUKWEKKENDE 95% BEHAAL. DAARBENEWENS HET SY 89% VIR VOORBEREIDE ENGELSE LEES EN 90% VIR REDENAARS ONTVANG, WAT HAAR VEELSYDIGHEID EN TOEWYDING BEKLEMTOON.

KEAGAN GROBLER (GRAAD 10) HET OOK STERK PRESTEER EN 85% VIR REDENAARS BEHAAL.

RENÈ BOTHA (GRAAD 9) HET HAAR KREATIEWE VERMOËNS IN VERSKILLENDE AFDELINGS BEWYS DEUR 83% VIR HAAR VERFSTUK EN 84% VIR VOORBEREIDE AFRIKAANSE LEES TE ONTVANG. HAAR UITSLAE VIR REDENAARS WORD NOG AFGEWAG.




IN DIE DANSAFDELING HET SKYE COETZER, RENÈ BOTHA EN KAYLA GROBLER AS 'N TRIO DIE BEOORDELAARS BEÏNDRUK EN 'N UITSTEKENDE 92% BEHAAL.


DIE VOLGENDE LEERDERS HET HOËRSKOOL BASTION TYDENS DIE EERSTE RONDTE VAN ALLEGRETTO VERTEENWOORDIG:

* JASPER KRINSIGNER
* AMOREY BEUKMAN
* RENÈ BOTHA
* KAYLA GROBLER
* KEAGAN GROBLER
* TATIANNA STRYDOM
* ZELNI VENTER

DIE ALLEGRETTO-KOMPETISIE BIED JAARLIKS AAN LEERDERS DIE GELEENTHEID OM HUL TALENTE TE ONTWIKKEL, SELFVERTROUE OP TE BOU EN ERVARING OP 'N MEDEDINGENDE PLATFORM OP TE DOEN. HOËRSKOOL BASTION IS TROTS OP DIE WYSE WAAROP HIERDIE LEERDERS DIE SKOOL VERTEENWOORDIG HET EN SIEN DAARNA UIT OM HUL VERDERE DEELNAME EN PRESTASIES IN DIE VOLGENDE RONDTES TE VOLG.

LEE-RAY GERICKE

DANSERS SKITTER BY "LEGENDS ARE MADE" DANS-KOMPETISIE IN BOKSBURG.

TWEE TALENTVOLLE JONG GRAAD 8 LEERDERS VAN HOËRSKOOL BASTION HET OP 7 JUNIE MET TROTS DEELGENEEM AAN DIE LEGENDS ARE MADE-DANS KOMPETISIE IN BOKSBURG.

ZELNI VENTER WAS DEEL VAN 'N TRIO DANSGROEP WAT AAN DIE SHOWDANCE AFDELING DEELGENEEM HET EN DAWID DE LANGE HET AAN DIE SOLO BALLROOM AFDELING EN DIE COUPLE AFDELING SAAM MET SY DANSMAAT KAYLENE COETZEE DEELGENEEM.

DIE KOMPETISIE, WAT DANSERS VAN REGOOR SUID-AFRIKA DIE GELEENTHEID BIED OM HUL TALENT TEN TOON TE STEL, HET VANJAAR WEER UITSTAANDE OPTREDES GELEWER.

DIE DANSERS HET MET GROOT SELFVERTROUE DIE VERHOOG BETREE EN DIE BEOORDELAARS SOWEL AS DIE GEHOOR BEÏNDRUK MET HUL PASSIE, TOEWYDING EN UITSTEKENDE DANSVERMOË. HULLE HARDE WERK EN DEURSETTINGSVERMOË HET DUIDELIK IN HUL OPTREDES NA VORE GEKOM.

HOEWEL DIE KOMPETISIE STERK MEDEDINGING VAN DANSERS UIT VERSKEIE DELE VAN DIE LAND GELOK HET, HET DIE TWEE DEELNEMERS HULSELF UITSTEKEND VAN HUL TAAK GEKWYT. HULLE HET NIE NET HUL EIE TALENT BEWYS NIE, MAAR OOK HUL SKOOL SE NAAM HOOG GEHOU.

HULLE DEELNAME DIEN AS INSPIRASIE VIR ANDER LEERDERS OM HUL DROME NA TE JAAG EN ALTYD HUL BESTE TE LEWER.

BAIE GELUK AAN HIERDIE TWEE JONG DANSERS MET HUL PUIK PRESTASIES JULLE IS WARE AMBASSADEURS VAN JULLE SKOOL EN BEWYS DAT HARDE WERK, DISSIPLINE EN PASSIE GROOT SUKSES KAN OPLEWER.




HENCO DE LANGE

Amoery Smit blink uit op Internasionale vlak

Hoërskool Bastion is baie trots op Amoery Smit se uitstekende prestasies in die model- en ambassadeurswêreld.

Amoery is onlangs gekroon as Miss Junior Krugersdorp vir 2025 tot 2026. Sy het ook groot erkenning ontvang toe sy genomineer is as 'n South African Young and Youth Ambassadeur vir 'n toekenning. Hierdie prestasie wys haar harde werk, deursettingsvermoë en passie om 'n goeie voorbeeld vir ander jongmense te wees. As deel van haar sukses is Amoery ook gekies om Suid-Afrika internasionaal te verteenwoordig by die World of Models-kompetisie.



Dit is 'n groot eer en bewys dat sy oor talent, selfvertroue en uitstekende verteenwoordigingsvermoë beskik. Haar prestasies inspireer ander leerders om altyd hul drome na te jaag en nooit op te gee nie.

Die skool wens Amory alle sterkte toe met haar toekomstige kompetisies en is trots daarop om so 'n talentvolle leerder deel van die skool te hê.



Mienke Voster behaal besondere prestasie

Mienke Voster het onlangs haar talent en selfvertroue gewys toe sy deelgeneem het aan die Miss Pre Teen Randfontein-kompetisie vir 2025 tot 2026. Sy het uitstekend gevaar en die titel van 2de Prinses Debutant verower.

Hierdie prestasie is die resultaat van harde werk, voorbereiding en deursettingsvermoë. Deur aan sulke kompetisies deel te neem, ontwikkel leerders belangrike vaardighede soos selfvertroue, kommunikasie en dissipline. Mienke het bewys dat sy hierdie eienskappe besit en dat sy haarself met trots kan dra. Haar prestasie het nie net haar familie trots gemaak nie, maar ook die hele skoolgemeenskap. Sy dien as 'n inspirasie vir ander jong meisies wat graag hul drome wil volg en nuwe uitdagings wil aanpak.

Die skool sien uit daarna om nog baie groot prestasies van Mienke in die toekoms te sien en wens haar alle sukses toe.

Ethan Smith neem eerste plek in boogjagkompetisie

Ethan Smith het onlangs uitstekende prestasies in boogjag behaal toe hy eerste plek gewen het by die Classic

Outdoor Bowhunter-kompetisie. Hy het 'n indrukwekkende totaal van 285 punte behaal en daarmee gewys dat hy oor groot talent en konsentrasie beskik. Die kompetisie het plaasgevind tydens die Arrow Rest-byeenkoms op 10 April 2026. Ethan se prestasie was die resultaat van baie oefening, fokus en deursettingsvermoë. Boogjag vereis akkuraatheid, geduld en selfdissipline, en Ethan het al hierdie eienskappe uitstekend vertoon tydens die kompetisie. Sy prestasie is iets waarop die hele skool trots kan wees. Ethan dien as 'n voorbeeld van hoe harde werk en toewyding groot sukses kan bring.



Die skool wens hom geluk met hierdie besondere prestasie en hoop om hom in die toekoms nog verder te sien groei in die sport.

JASON BOTHMA

Skye Coetzer, Rene Botha en Kayla Grobler dans hul pad na sukses

Hierdie 3 dogters het onlangs groot sukses behaal in die danswêreld. Die talentvolle duo het as wenners geëindig in die Trio Y Art-kategorie en ook eerste plek verower by die Streetdance World Championships.



Hierdie prestasies wys hul passie, talent en harde werk in dans. Die twee leerders het baie tyd en moeite ingesit om hul roetines perfek voor te berei. Hulle energie, samewerking en kreatiwiteit op die verhoog het die beoordelaars en gehoor beïndruk.

As verdere erkenning vir hul talent is hulle ook gekies om 'n showcase-optrede op die 16de by
Hoërskool Noordheuwel te doen. Skye, Rene en Kayla se prestasies maak die skool baie trots en inspireer ander leerders om hul talente te ontwikkel.

Hulle bewys dat deursettingsvermoë en spanwerk tot groot hoogtes kan lei.



Zelni Venter blink uit as SA-kampioen danser

Zelni Venter het Suid-Afrika trots gemaak met haar ongelooflike prestasies in dans. Sy het onlangs deelgeneem aan die SA Kampioenskappe waar sy uitstekend gevaar het in die Next Level Latin American-afdeling.

Zelni het eerste plek behaal en daarmee bewys dat sy een van die beste jong dansers in die land is. As gevolg van haar uitstekende prestasie het sy ook gekwalifiseer om oorsee deel te neem aan internasionale kompetisies.

Dit is 'n groot eer en wys hoeveel harde werk, dissipline en toewyding sy in haar dans insit. Nog 'n merkwaardige prestasie is dat Zelni as SA-kampioen in 14 verskillende dansstyle gekroon is.

Haar talent en deursettingsvermoë
inspireer ander leerders om hul drome te volg en altyd hul beste te gee.

Die skool is baie trots op Zelni en wens
haar alle sukses toe met haar toekomstige kompetisies en internasionale deelname

JASON BOTHMA

Skoolnuus-Roadshow

Bastion bring gees na die Laerskole – Roadshow 2026

Met hope energie, kleurvolle gees en 'n boodskap van hoop het Hoërskool Bastion se Roadshow 2026 vanjaar verskeie laerskole besoek om toekomstige Graad 8-leerders vir 2027 te verwelkom. Ons span het onder andere Laerskool Protearif, Dr. Havinga Skool, Laerskool Kenmare, Laerskool Roodekrans en nog vele ander skole besoek.

Die tema van vanjaar se roadshow, Inside Out, het op 'n kreatiewe en betekenisvolle manier uitgebeeld hoe elke mens op soek is na 'n plek waar hulle werklik behoort. Deur die bekende karakters uit Inside Out te gebruik, het die vertoning gewys hoe emosies, drome en onsekerhede deel is van elke nuwe begin. Die boodskap was eenvoudig, maar kragtig: by Hoërskool Bastion vind elke leerder 'n plek waar hulle tuis kan voel.

By elke skool is ons met ongelooflike entoesiasme ontvang. Die gees was aansteeklik, die sang het deur die sale weergalm en die opgewondenheid van die toekomstige Graad 8's was duidelik sigbaar. Dit was besonders om te sien hoe leerders saam gesing, gedans en deel geword het van die Bastion-familie nog voordat hulle hul eerste dag as hoërskoolleerders beleef het.

Die sukses van die roadshow was moontlik gemaak deur die harde werk en toewyding van die span onder leiding van Juffrou Madrey Smit en Juffrou Biance Venter, wat met passie en ywer elke besoek georganiseer en bestuur het.

Die span wat Bastion met trots verteenwoordig het, het bestaan uit Christiaan Hugo, Lalique Möller, Caitlyn Pryse, Skye Coetzer en Anje Pieterse, asook die skool se leerlingleiers: Rudie Harmse (Hoofseun), Ru-Anne Jenkinson (Hoofdogter), Suretha Buys (Onderhoofdogter) en Raheem Berning (Onderhoofseun). Elkeen het met trots, respek en egte Bastion-gees die skool se waardes uitgeleef en as ware ambassadeurs van Hoërskool Bastion opgetree.

Natuurlik sou geen Bastion-roadshow volledig wees sonder die legendariese Shogololo-dans nie. Hierdie ikoniese oomblik het by elke besoek groot opgewondenheid veroorsaak en die toekomstige Graad 8's saam laat dans, lag en deel word van die Bastion-gees. Dit is 'n herinnering wat ongetwyfeld nog lank in die harte van die Graad 8-klas van 2027 sal voortleef.

Die Roadshow 2026 was veel meer as net 'n bemarkingsveldtog – dit was 'n geleentheid om vriendskappe te bou, drome aan te wakker en toekomstige Buffels te wys dat daar 'n plek is waar hulle kan groei, ontwikkel en hul volle potensiaal bereik.

Ons sien uit daarna om die Graad 8's van 2027 binnekort by Hoërskool Bastion te verwelkom. Julle plek wag reeds vir julle welkom by die Buffelfamilie!



Fotos: Verskaf

RAHEEM BERNING

SARKASTIESE SARIE GEE RAAD (OF SO BIETJIE SARKASME) AAN DIE PUBLIEK.

Liewe Sarie,
Toe ek vandag na Mugg and Bean toe gaan vir n koffie was die ry so lank dit was byna by die deur uit. Ek moes vir 30 minute in n ry staan vir n R52 Café Mocha! Kan jy dit glo?
#OneCoffeeToGo

Liewe OneCoffeeToGo
30 minute vir n R52 Café Mocha? Hel. Het die President al jou eremedalje afgelewer? As hy nie het nie, sal ek dit persoonlik met hom opvat. Ek stel voor jy pak volgende keer n slaapsak. Jy weet nooit of jy moet oornag nie of, nog beter, maak jou mocha by die huis.
#CitizenOfTheYear

Liewe Sarie,
My ma-hulle is so onsensitief. Hulle wil hê ek moet die skottelgoed was ná hulle vir my aandete maak elke aand. Hulle weet hoe sensitief my vel is. Ek kan nie my hande so beskadig nie!
#NoDishesForThisGirl

Liewe NoDishesForThisGirl
Skottelgoed was? Na húlle vir jou kos gemaak het? Dis duidelik n ernstige menseregskending. Ek stel voor jy kontak onmiddelik n prokereur. Dit kan nie so aangaan nie.
#UngratefulMuch

Liewe Sarie,
Toe ek vir my vriende n snaakse video wil wys toe gaan my foon af. Wie het geweet n Samsung se battery so sleg is? Ek het vir my ouers gesê ek soek n iPhone.
#NoMoreEnergy

Liewe NoMoreEnergy
Dalk is dit jou teken om van die foon af te klim en te fokus op daai LO taak wat al vir twee weke op jou lessenaar sit?
#PrioritiesPlease

Liewe Sarie,
My vriendin het n broek gekoop wat ek mal oor was en dit na n sokkie toe gedra. Sy het geweet ek was gek oor daai broek en sy het dit nogsteeds gekoop. Wat moet ek doen?
#FashionThief

Liewe FashionThief
Daai is duidelik nie regtig jou vriendin nie... veral as sy klere wat nie joune is nie van jou af steel. Sny gate in haar nuwe broek, maar ek stel voor jy kry eerder jou eie een.
#CommonSenseIsFree



Geskryf deur 'n plaaslike anonieme skrywer wat sarkasme vlot kan praat

HET JY DALK N PROBLEEM OF HET JY BIETJIE RAAD NODIG? SKRYF JOU VRAAG OF PROBLEEM OP N BRIEFIE EN KOM GOOI HOM IN DIE KOERANT BOKS SODAT DIE SARKASTIESE SARIE JOU KAN HELP MET RAAD OF JOU PROBLEME TROEF-TJAF OPLOS!